# WorksheetCloud.com - Memorandum

**Vak:** Graad 9 Afrikaans: EAT
**Onderwerp:** Afrikaans EAT: Eksamen Kwartaal 2
**Totaal:** 99 Punte

---

1. C: Gert het die lig aanskakel. — 4 punte

**Verduideliking:**
Gert **het** die lig **aangeskakel**.

Die werkwoord (skakel) en voorsetsel (aan) word een woord en word gekoppel met ge- in die verlede tyd.

---

2. nie | Die man is nie baie sterk nie. — 3 punte

**Verduideliking:**
Die man is nie baie sterk **nie**.

Die tweede "nie" is altyd aan die einde van die sin.

---

3. C: vere — 4 punte

**Verduideliking:**
Voëls van eenderse **vere** - *birds of a feather/same type of people*

---

4. seep — 3 punte

**Verduideliking:**
**Vaste vergelykings** kom algemeen voor in die spreektaal en skryftaal. Die een saak word met 'n ander vergelyk deur bepaalde eienskappe.

So glad soos seep.

---

5. C: persoonlike voornaamwoord — 4 punte

**Verduideliking:**
**My** is die Objek van die sin en verwys na 'n spesifieke persoon (ek). Dit is dus 'n persoonlike voornaamwoord.

---

6. Francois — 3 punte

**Verduideliking:**
Die naam van die akteur (Francois Jacobs) word onderaan die plakkaat saam met die filminligting verskaf.



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

7. Irma 3 punte

**Verduideliking:**
Opskrif: ***Irma** steek voor die kansel vas*

Die advertensie vir die film is in 'n tydskrifformaat.

---

8. November 3 punte

**Verduideliking:**
Die datum word by die filminligting gegee (*In bioskope 25* ***November*** *2016*). Die plakkaat is in 'n tydskrifformaat en die datum word bo-aan ook verskaf.

---

9. onwaar 2 punte

**Verduideliking:**
"Nou slaap hul almal aan die kant"

**Assonansie** - herhaling van vokale.

---

10. C: k 4 punte

**Verduideliking:**
**Die ketting klingel kort-kort.**

K-alliterasie. Die herhaling van **konsonantklanke**.

---

11. waar 2 punte

**Verduideliking:**
**Deesdae** (*these days*) verwys na tyd.

---

12. C: klots 4 punte

**Verduideliking:**
**Klanknabootsing** (onomatopee) gebruik woorde wat die klank namaak van regte geluide of 'n handeling (*action*).

**"Klots"** klink soos water teen 'n rots.

---

13. nog **|** nooit 4 punte

**Verduideliking:**
al ooit (*ever*) - **nog nooit** (*never*)



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

14. die klaskamer word **|** deur my **|** geverf 6 punte

**Verduideliking:**
**Die klaskamer word deur my geverf.**

In die **Lydende Vorm** verander werkwoord 1 soos volg: Teenwoordige Tyd - ***word***
In die **Lydende Vorm** verander werkwoord 2 soos volg: Teenwoordige Tyd - ***ge+werkwoord***

Voornaamwoorde verander sodat die betekenis dieselfde bly.

Onthou die woordorde:
**S** (*subject*) v1(*verb1*) **T** (*adverb of time*) **O** (*object*) **M** (*adverb of manner*) **P** (*adverb of place*) v2(*verb2*) **I** (*infinitive*)

---

15. was 3 punte

**Verduideliking:**
Hy **was** baie moeg.

In die **Verlede Tyd** verander die vorm van die werkwoord omdat die aksie **reeds gebeur** het.

---

16. Ben drink gaskoeldrank. 3 punte

**Verduideliking:**
Drink Ben gaskoeldrank? (vraagsin) **- Ben drink gaskoeldrank** (stelsin).

Die **stelsin** is 'n antwoord op die **vraagsin** en kry 'n punt.

---

17. C: Sy stem is donderweer. 4 punte

**Verduideliking:**
Sy stem **is** donderweer = **Metafoor.** (Die woord, **soos,** word nie gebruik nie).

---

18. onwaar 2 punte

**Verduideliking:**
Netwerk24 publiseer 35 koerante **en 11 tydskrifte** (*magazines*).

---

19. slaghuis 3 punte

**Verduideliking:**
Slaghuis - *butchery*


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

20. wye 3 punte

**Verduideliking:**
Die **wye** stroom.

**Spelreël:** Vir die lang vokaalklank word net 'n **e** aan die einde bygevoeg. Byvoeglike naamwoorde eindig op **e** (daar is uitsonderings!). Indien die lang vokaalklank gevolg word deur 'n **d**, word die **d** verwyder.

---

21. wind **|** fluister 4 punte

**Verduideliking:**
Die **wind fluister** deur die bome.

Die wind se geluid word metafories vergelyk met 'n mens se fluisterstem.

---

22. str. **|** nr. 4 punte

**Verduideliking:**
straat - str.
nommer - nr.

Die afkorting vir 'n enkele woord word met 'n punt aan die einde geskryf.

---

23. hom **|** Sy roep hom. 3 punte

**Verduideliking:**
Lydend: Hy word deur haar geroep.
Bedrywend: Sy roep **hom**.

Voornaamwoorde verander tussen die **lydende en bedrywende vorm** sodat die betekenis dieselfde bly.

---

24. waar 2 punte

**Verduideliking:**
Die bevelsin gee 'n **opdrag** (*command*).

---

25. goeie **|** moeë 4 punte

**Verduideliking:**
Die <u>moeë</u> *ma* waardeer haar <u>goeie</u> *kind* baie.

Die <u>byvoeglike naamwoorde</u> omskryf die *selfstandige naamwoorde*.


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

26. Christiaan vra hoe hy met Jolyn Phillips se skryfwerk in aanraking gekom het. 3 punte

**Verduideliking:**
Christiaan vra **hoe** hy met Jolyn Phillips se skryfwerk in aanraking gekom het.

As die eerste woord in die **Direkte Rede** ‘n vraagwoord is, gebruik ons die **vraagwoord as die voegwoord** en nie **of** nie.
Die voornaamwoord **jy** word **hy** (verwys na Jason).
In die **Indirekte Rede** word die werkwoord altyd aan die einde geskryf.

---

27. waar 2 punte

**Verduideliking:**
Afkortings van 'n frase het 'n punt na elke afkorting van 'n woord in die frase.

---

28. Jan **|** Rap 4 punte

**Verduideliking:**
**Jan Rap** en sy maat - *every Tom, Dick and Harry*

---

29. onwaar 2 punte

**Verduideliking:**
Die regte antwoord is: Ben vra of hy roomys mag kry.

---

30. hierdie **|** dit 4 punte

**Verduideliking:**
Ek het **hierdie** sambreel gekoop omdat **dit** gaan reën.

hierdie (*this*)
dit (*it*)

---

**Totaal:** 99 Punte


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*